Pastorale Brief aan gemeentes en lidmate

30 April 2020

As Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode het ons die behoefte om in hierdie dae van "hou jou afstand" 'n hand uit te reik na die lidmate en leraars van ons gemeentes.

Ons staan verstom oor die wonderlike getuienisse wat ons ontvang van gemeentes en lidmate wat juis in hierdie moeilike tyd besig is om met die liefde van Jesus Christus uit te reik na mekaar en 'n gemeenskap in nood. Oor die hele spektrum van ons sinode se gebied is kleiner en groter gemeentes besig om 'n impak te maak in die lewens van mense wat swaarkry en nie weet hoe verder nie.

Ons is diep bewus daarvan dat hierdie hulpwerk dikwels gedoen word deur lidmate wat self onseker is oor hulle eie toekoms rakende werk en finansies en gesondheid. Ons harte is by elkeen wat in hierdie dae worstel met sake wat tot onlangs nog mooi in plek was.

Ons moedig ons gemeentes aan om steeds bakens van hoop in die gemeenskap te wees. Gemeentes moet nou op die voorgrond wees. Ons kan nie terugsit en wegkruip nie. Ons getuienis – en die geloofwaardigheid van die Evangelie – is in ons optrede op die spel. Ons mag nie terugval in 'n wêreld waar ons eintlik net oor onsself besorg is nie. Ons is nie hier ter wille van onsself nie. Daarom werk ons met nuwe en vreemde tegnologie. Ons maak nuwe planne. Ons pas aan, dissiplineer onsself en is opgewonde oor elke geleentheid om die Here te dien.

Ons wil lidmate versoek om steeds betrokke te wees by die gemeente en by medegelowiges. Doen voorbidding vir elke projek. Dra mekaar se laste. Bid vir mekaar. Ons lojaliteit teenoor die kerk waarvan ons deel is, is nog steeds vir ons kosbaar.

Hierdie vreemde tyd hou ook vir gemeentes die risiko van finansiële agteruitgang in. Ons wil vra dat u steeds getrou sal wees met u dankoffer en erediensoffergawes. Sonder hierdie fondse kan die gemeente nie bestaan nie. Sonder fondse kan gemeentes nie 'n verskil maak in die wêreld nie. Kom ons pas aan en benut asseblief die tegnologie wat dit moontlik maak om veilige betalings elektronies te kan doen.

Die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode doen saam met u voorbidding in hierdie tyd. Ons bid vir die groter wêreld en al die reuse uitdagings wat voorlê. Ons bid vir ons land en sy mense. Ons bid vir beskerming en genesing. Ons bid vir geestelike verdieping waar ons almal weer opnuut erns maak met God en sy Evangelie van liefde en genade en herstel. Ons bid vir almal wat met groot persoonlike risiko hulp verleen aan ander. Ons bid – want ons dien 'n Lewende Here en glo dat Hy dit nou vir ons moontlik gemaak het om meer as ooit te bid en geestelike deurbrake te verwag.

Mag die genade, die liefde en die teenwoordigheid van die Drie-enige God met u wees en u dag vir dag toevou en dra!

Ds. Dirkie van der Spuy — **Voorsitter**

Ds. Francois Retief — **Uitvoerende Amptenaar**